## Stap-vir-stap-gids vir graduandi:

# Op die dag van jou grade-plegtigheid

### 1 Gaan haal jou uitrusting vir die plegtigheid:

- Dippenaar & Reinecke is by die Atletiek-verversingskiosk (langs die Coetzenburg Atletiekstadion) vanaf **Vrydag 5 Desember tot Vrydag 12 Desember.**
- Klik **hier** vir meer inligting.

### 2 Graduand en gaskaartjies:

- Maak seker dat jy kaartjies vir **jouself en jou gaste het:**
- As die kaartjies nie via jou amptelike US-e-pos opgedaag het nie, gaan kry hulle asseblief by die inligtingskiosk by die Coet-zenburg Sentrum.
- Klik **hier** vir meer inligting.

### 3 Aankomstyd:

- Die Coetzenburg Sentrum se deure open **een uur** voordat die plegtigheid begin.
- Ons wil vra dat jy en jou gaste asseblief op die laatste **30 minute** voor die plegtigheid julle plekke inneem.

### 4 Sitplekke:

- Ons het plekaanwysers wat julle sal wys waar julle sitplekke is.
- Die toegangskaartjies wys die sitpleknommer wat aan elkeen toegewys is, en jou aankondigingskaart sal op jou aangewese sitplek lê.

### 5 Hoe om jou kap te dra en na die verhoog toe te stap:

- Klik **hier** vir die stap-vir-stap-gids.

### 6 Fotografiese dienste:

- Ons amptelike fotograwe, die Stellenbosch Sentrum vir Fotografiese Dienste, sal by die gradeplegtighede foto's neem.
- Klik **hier** vir meer inligting oor fotografie.

### 7 Graaddokumente:

- As daar enige teenstrydigheid op jou graaddokumente is, stuur asseblief 'n e-pos na **records@sun.ac.za.**
- Klik **hier** vir meer inligting oor die koerier en self afhaal proses.

### 8 Amptelik 'n US-gegradueerde:

- Vier jou prestasie na afloop van die plegtigheid saam met ons by die alumniklubhuis **(Die Stal)**.

Klik **hier** vir meer inligting oor gradeplegtighede.

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

